tasie van die doel wat ons (hierbo) beskrywe het en van die middele ter bereiking daarvan nie. Dit is vir ons duidelik dat eenheid nie eenvoudig beteken eenvormigheid van organisasie, godsdienstige handeling of uitdrukking nie".

„Eenheid is nie ons eie maaksel nie, maar terwyl ons die genade van Jesus Christus ontvang, is ons een in Hom."

### HUMANISTIES

Die oogklap-draers wil net nie hierdie feite aanvaar nie. Hulle herhaal dikwels ook die beskuldiging dat die Wêreldraad van Kerke humanisties is, dat dit 'n aardse utopie tot stand wil bring wat nie aan God verbonde is nie maar bloot filantropies is. (Die *spoke van Van der Kemp en Read uit* die Suid-Afrikaanse Sendinggeskiedenis word dikwels dan ook sommer weer opgeroep).

Die Wêreldraad van Kerke se eie getuienis is so anders, so totaal verskillend van hierdie bewering. Lees dit net hier swart op wit: „Christelike diens, in teenstelling met die wêreldse opvatting van filantropie, ontstaan uit en word gevoed deur God se kosbare liefde soos dit in Jesus Christus geopenbaar is. Enige Christelike etiek van diens moet daaruit voortspruit . . Alle diens wat ons verrig, is 'n antwoord aan dié God wat ons eerste liefgehad het". Die diens waarmee die Wêreldraad van Kerke besig is en waartoe hy oproep, sien hy as 'n deel *van die verheerliking van God en* as 'n getuienis van Sy liefde vir alle mense.

### VERSOENING EN VERGEWING

Lewe in versoening mag nie gelyk gestel word met 'n slordige sonder meer vergewe en vergeet nie. Egte bevryding van 'n oortreding kom alleen dan tot stand wanneer daar 'n erkenning is van skuld, 'n innerlike aanvaarding van die straf en 'n verlange om vergoeding te gee *vir die skade wat berokken is.* So ook kan dit in die verkeer tussen volke en tussen mense slegs tot versoening kom as 'n inisiatief tot herstel van die gemeenskap begelei of beantwoord word met die d a a d van skulderkenning, berou en bereidheid om die skade goed te maak. Weliswaar sal hierby bedink moet word *dat die oë dikwels gesluit is vir* die gemeenskaplike skuld van alle betrokke partye. En tegelyk moet oorweeg word dat 'n totale afrekening met die verlede bo die moontlikhede van die mense uitgaan. In hierdie wêreld is daar slegs Één in wie God die totale afrekening met die verlede van ons almal geskenk het.

(*Uit*: **De Tussenmuur Weggebroken**)

### GEWELD

Een van die jongste toedigsels aan die Wêreldraad van Kerke is dit, dat dit rewolusie en geweld aanblaas om die bestaande orde omver te werp.

Uit die rapporte en uitsprake van *die Wêreldraad van Kerke vind 'n* mens nie ondersteuning vir so 'n stelling nie. Ek lees wel sulke stellinge soos: „In ons diens aan God en mense volg ons die Christus wat geweier het om die weg van geweld te volg, en die rol van 'n dienskneg gekies het."

Die Wêreldraad van Kerke het by monde van sy vergadering te Nieu Delhi sy waardering teenoor persone en groepe uitgespreek wat ten spyte van toenemende druk om geweld te gebruik om onbevredigende maatskaplike toestande te verander en menseregte te verkry, nog volhard om op te tree in 'n gees van vergewensgesindheid sonder om geweld te gebruik!

'n Oproep is ook op alle Christene gemaak om bewegings wat nie gewelddadig optree om onreg in gemeenskappe te bestry, te ondersteun en aan te moedig, en om te werk vir gemeenskappe wat op die basis van versoening sal fungeer.

Die getuienis wat van Nieu Delhi uitgegaan het, lui bv. „But we must firmly reject all those revolutionary movements in all parts of the world which claim a half-religious sanction for a political or nationalistic end, and which pretend to 'Messianic' significance that justifies even their excesses. No earthly kingdom can set itself up as the Kingdom of God on earth, and no political ambition is wholly conformed to the divine purpose. We must not be blind to the truth that our hope is in God alone . . . "

### NIE FOUTLOOS

*Dit sou seker dwaas wees om te wil* beweer dat daar nie gevare vir die Wêreldraad van Kerke bestaan nie. Ewe dwaas sou dit wees om te wil voorgee dat die Wêreldraad van Kerke 'n volmaakte Raad is wat nie foute kan maak en gemaak het nie.

Maar uit ons eie foute en dié van ander kan ons leer. Foute en vergissings kan slegs verminder word deur ons Christelike verantwoordelikheid teenoor mekaar na te kom en met broederlike liefde in gesprek met me*kaar te tree. As 'n mens die stukke* van die Wêreldraad van Kerke deurlees, is dit opvallend dat dit nie van 'n gees van hooghartigheid getuig, so asof „ons" die waarheid en die oplossing in pag het nie. Die werk word steeds gedoen en die getuienis afgelê in 'n gees van biddende soeke en selfondersoek. Dit tref dat tekortkominge, pligsversuim, sonde, gebrek aan liefde, gebrek aan insig met bewoëndheid herhaaldelik erken en bely word — dinge wat die vrug van die Gees is en nie die Kommunisme bevorder, soos daar al so bedroewend gekonstateer is nie.

Maar by ons kerke in Suid-Afrika is selfondersoek, selfkritiek, skulderkenning opvallend afwesig. Dit is ook te begrype. Waar die leiers so dikwels oogklappe dra, sal dit vir die kerk nie maklik wees om sy eie foute en gebreke raak te sien nie. Die geestelike oogklappe versper veral ook 'n mens se uitsig na jouself.

'n Ondersoek na die materiaal waaruit hierdie oogklappe bestaan, kan interessante feite na vore bring. Sal dit moet gaan in die rigting van selfingenomenheid, egoïsme, liefdeloosheid, vrees, oordrewe liefde vir die eie en die strewe om aanvaar te word? *In watter „fabriek" word dit vervaardig* en hoe word dit gedistribueer?

Hoe goed sal dit wees as ons almal ons oogklappe kon verruil vir die bril van die waarheid!

---

### Dankie! en ... Welkom!

Mev. E. M. Bruins het onlangs bedank as boekhoudster/sekretaresse van Pro Veritate. Langs hierdie weg wil die redaksie en direksie hulle dank teenoor mev. Bruins uitspreek vir toegewyde en voortreflike diens wat sy oor 'n tydperk van etlike jare gelewer het. In haar plek is aangestel mev. J. J. Romijn-Griffioen wat reeds diens by ons aanvaar het. Ons wil die hoop uitspreek dat mev. Romijn lank by ons sal bly. Ons ag ons besonder ge*lukkig dat ons iemand met haar* bekwaamhede kon vind om mev. Bruins op te volg.